

7 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-7; Hebreërs 12:1-12

Fokusgedeelte: Jakobus 1:2-4

Danklied na lyding

Dit is natuurlik dat 'n mens met alles in jou vermoë sal probeer om swaarkry en pyn van jou af weg te hou. Tog weet elke kind van God dat lyding en pyn dikwels lei tot lewensverdieping en 'n inniger verhouding met die Here. Die Skrif verkondig dat God by magte is om lyding in ons lewe positief te buig en ons nader aan Hom te bring. Jakobus sê ons moet beproewings in ons lewe as louter vreugde sien, want dit is die skoling van die Heilige Gees wat ons volharding (lydsaamheid, 1953-vertaling) wil leer. Die Griekse woord vir *volharding* beteken "uithou", "aanhou" (vergelyk Jakobus 1:2, 1953-vertaling). Volgens Hebreërs 12 is die beproewings wat in my lewe kom 'n bewys van my kindskap van God. Die Here beproef sy kinders omdat Hy hulle liefhet. Ons geloof word beproef en gelouter sodat ons Christus se beeld al hoe meer in ons lewe kan vertoon. Die doel van beproewing in ons lewe is immers nie om ons te verpletter nie, maar om ons te louter. God is by magte om die goeie uit die kwaad te laat gebore word. In sy hand kan selfs pyn en lyding vir ons tot seën word. Net 'n gelowige mens word deur teëspoed, teleurstelling en pyn nader na God gebring en leer dan om God daarvoor te dank. Dit het Job en Asaf al ervaar en dit ervaar gelowiges deur die eeue telkens weer. Dit moet ook ons ervaring van die geloof wees wanneer pynlike dinge met ons gebeur. Eers as ons pyn getemper word deur die wete dat God daarin aanwesig is, kan ons met geloofsoortuiging saam met die digter van Psalm 119:25 sê:

Dat U my verdruk het, HERE, dit was enkel goed vir my,

Want daardeur het U my dieper in u kennis ingelei.

Sing: Psalm 119:25 Ds NG Laubscher (Buffeldoorns)